

# Geloof en hoop

(Ook beskikbaar op video)

## Hoop

*1Kor 13:13 "En nou bly geloof, hoop en liefde, hierdie drie; maar die grootste hiervan is liefde."*

Ek wil nie nou oor liefde praat nie, dit kan ons op 'n ander geleentheid bespreek. Ek wil egter graag na die ander twee elemente kyk wat hier genoem word – geloof en hoop. "*... nou bly geloof en hoop ...*" Die Engelse Bybel sê: "*Now abides faith and hope ...*"

Om te bly (abide) beteken dit is iets wat nie vergaan nie, dis nie iets wat wegwyn nie. Dit is iets wat blywend is, iets met ewigheidswaarde. *Geloof en hoop is ewigdurend.*

*Rom 8:14 "Want ons is **gered in hoop**, maar die hoop wat gesien word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarom hoop hy dit nog; maar as **ons hoop wat ons nie sien nie**, dan wag ons daarop met **volharding**."*

*"Want ons is gered in hoop ..."* Met ander woorde, daar is iets *blywend* omtrent ons redding. Dit is nie iets wat sommer nou gebeur, en later kwyn dit weg nie. Daar is iets *ewigdurend* daaromtrent. Hoop is egter nie iets wat *hier en nou sigbaar is nie*. Hoop is iets wat *aan die toekoms gekoppel is*. Dit het ewigheidswaarde en dit is wat ons moet gee vir die toekoms. *Hoop is onsigbaar*. Dis belangrik dat ons dit verstaan.

Hoop is aan 'n *belofte geanker*. Jy hoop nie op iets wat jy alreeds het nie; jy hoop op iets waarvoor jy 'n *belofte vir die toekoms* het. Ons kry die beloftes vanuit die Woord van God, en dit is wat ons hoop gee - daardie *beloftes*.

*Rom 8:18 "Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlijkheid wat daar aan ons **geopenbaar sal** word nie."*

*"Teenwoordige tyd"* – dit is nou; die woorde *"geopenbaar sal word"* beteken dat daar 'n *toekoms* is. *Hoop* werk altyd saam met die *toekoms*. Daar is dus 'n *heerlikheid wat kom*.

Hoe weet Paulus van hierdie komende heerlijkheid? Hy weet daarvan omdat die Bybel ons daarvan vertel – daar is baie profetiese Skrifte wat ons van hierdie komende heerlijkheid vertel. En dit is dus daardie Skrifte wat die beloftes oor die komende heerlijkheid gee, wat vir ons *hoop* gee vir die heerlijkheid wat kom. Daarom is ons hoop nie op iets teenwoordig gevestig nie; ons hoop is in die *toekoms* gevestig, op die *profetiese beloftes* wat reeds aan ons gegee is.

Beloftes is natuurlik net woorde wat geskryf of gesê is. Dit is net *woorde*. Dit is wat 'n belofte is - *woorde*. En daardie woorde is betroubare woorde, want hulle is deur die Heilige Gees geïnspireer. Wanneer *onbetroubare woorde* egter gespreek word en ons ons hoop op daardie onbetroubare plaas, dan hoop ons vir iets wat *nie gaan gebeur nie*, iets wat *onbetroubaar* is. Dan sal dit 'n *mislukking* wees. Ons moet dus seker maak dat ons hoop aan *betroubare woorde* geanker is.

## Die krag van woorde

Kom ek gee 'n voorbeeld. Veronderstel ek was nog in Zimbabwe op my plaas, en ek het 'n werker (sê maar sy naam is Jan). Kom ons veronderstel hy is 'n goeie werker en ek wil vir hom seën. Dan sê ek vir hom, "*Jan, ek wil jou graag seën. More oggend gaan ek vir jou R10 000 gee. Kom more oggend na my huis toe, dan gee ek vir jou R10 000.*"

Jan is so opgewonde, hy glimlag van oor tot oor. Hy gaan daardie aand huis toe en hy vertel sy hele familie van die R10 000. Hulle kan amper nie slaap nie. Vroeg die volgende oggend is hulle almal daar; Jan en sy vrou en al sy kinders, selfs die oupa en ouma; almal is daar. Hulle wil hierdie R10 000 sien wat Jan gaan ontvang. Nou kom ek uit en ek sê vir Jan, "*Jan, ek het maar net gegrap, ek gaan nie vir jou daardie geld gee nie.*"

Hoe voel Jan? Hy is verpletter!

Vriende, my woorde het hom tot in die hemele opgelig en my woorde het hom verpletter. En al wat dit was, was blote woorde - *woorde wat nie betroubaar was nie*. Vriende, *woorde is kragtig*.

Salomo sê:

*Spr 18:21 "Lewe en dood is in die mag van die tong ..."*

Die tong het ontsettende krag om mense deur bemoediging op te lig; en tog kan dit mense ook verpletter indien dit verkeerd gebruik word. *Wees versigtig wat jy sê en waarna jy luister* - watter woorde jy in jou hart inneem.

Die Woord van God is absoluut *betroubaar* en dit is hierdie Woord wat *lewe gee*; hierdie Woord wat vir ons *hoop en 'n toekoms* belowe. Ons kan daarop vertrou en ons lewe, soos op 'n vaste rots, daarop bou.

## Geloof

Kom ons kyk nou ook na geloof en verbind die twee, geloof en hoop.

*Heb 11:1 "Die geloof dan is 'n vaste vertroue (jy hou styf vas daaraan) op die dinge wat ons hoop (geloof en hoop in dieselfde vers), 'n bewys van dinge wat ons nie sien nie (toekomstige dinge wat ons nie kan sien nie) ."*

Waarvandaan het ons ons hoop gekry? Van die Woord, die *betroubare Woord van God*; dit is waar ons hoop vandaan kom. *Geloof hou styf aan daardie hoop vas.*

Vriende, geloof is kragtig. Deur ons geloof is ons gered. Deur ons geloof verkry ons oorwinning. Die hele Hoofstuk 11 van Hebreërs vertel ons van getuïenisse van mense in die Ou Testament wat deur hul geloof wonderlike oorwinnings behaal het. Geloof is kragtig, maar geloof werk nie alleen nie – nooit nie. *Geloof het 'n anker nodig*. Daardie anker is jou hoop. *Die anker van geloof is hoop.*

Dis nie net sommer 'n ding wat mens ligtelik sê nie. Mense is geneig om maklik te sê, "Ek glo."

Waar in glo jy?

"Wel, ek glo in God; ek glo in die Bybel."

Goed, jy glo in die Bybel, maar vertel vir my, wat sê die Bybel?

“Nee ek weet nie, maar ek glo daarin.”

Vriende, jy kan nie in 'n ding glo wat jy nie ken nie. Jy het hoop nodig. En as jy nie weet wat in die Bybel geskryf is nie, hoe kan jy dan hoop hê? Hoop word op 'n woord van belofte gebou wat in die Bybel geskryf is – 'n hoop wat jy jou eie moet maak. En as jy nie daardie hoop van die Woord het wat jy ontvang het en jou eie gemaak het nie, is ek jammer om te sê *sal jou geloof leeg wees en geen vrugte dra nie*. Dit sal vir jou niks beteken nie.

Ek gee nie om hoe lank jy al kerk bywoon nie; as jou geloof nie op die stewige Woord van God, wat jy vir jouself neem en jou eie maak, gevestig en geanker is nie, *dan is jou geloof waarskynlik leeg en onvrugbaar*.

Die Skrif het baie te sê oor baie onderwerpe. As jy dit bestudeer en hierdie waarhede jou eie maak, sal hulle vir jou hoop gee. Daarsonder sal jou hoop soos 'n *leë emmer* wees en *sal jou geloof ook waardeloos wees*.

In Johannes Hoofstuk 15 lees ons waar Jesus vertel van die wynstok en die lote. Dan sê hy dat Hy die ware wynstok is en ons die lote. Ons moet in Hom *bly* (die ware Woord). As ons nie in Hom as die Woord (van waar ons ons hoop kry) *bly* nie, sal ons dor raak en geen vrugte dra nie. Die droë takke sal bymekaar gemaak en in die vuur verbrand word. Die *vrugbaarheid van ons geloof* is daaraan geanker dat ons *in die Woord* (Jesus) gevestig is. Daarsonder *dra ons geloof geen vrugte* nie (Johannes 15:1-8,16).

## 'n Hartseer waarneming

Terwyl ek in Zimbabwe bedien het, was daar 'n man wat elke Sondag in die kerk was. Ek het ná elke diens by die deur gestaan en die mense gegroet soos wat hulle uitgekóm het. Hierdie man het die gewoonte gehad wanneer hy my gegroet het, om my hand ferm in sy groot hande te neem, my stip in die oë te kyk en te sê, "*Daardie boodskap het my diep getref.*" Dan het hy my vir so 'n rukkie aangekyk, en gesê, "*Baie dankie,*" en dan uitgestap. Buite het hy sy sigaret aangesteek en sy lewe onveranderd voortgesit. In al die jare wat ek daar bedien het, het ek geen ware verandering in daardie man gewaar nie. Daar mag dalk verandering in sy hart gewees het wat ek nie raak gesien het nie (ek bid dat dit die geval is), maar daar was verseker geen sigbare bewys van so 'n hartsverandering nie.

Hy het elke Sondag in die kerk gesit en 'n goeie boodskap gehoor, maar ek weet nie of hy dit ooit sy eie gemaak het nie. En as jy die Woord nie in jou hart ontvang en jou eie maak nie, kan jy nie daardie hoop verkry wat noodsaaklik is vir geloof om te werk nie. En as jy nie hoop het nie, kan jy nie sê jy glo nie, want daar is niks waarop jy jou geloof kan anker as jy nie hoop het nie. Dit is noodsaaklik dat ons *geloof het wat aan hoop geanker is; 'n hoop wat stewig op die Woord gevestig is.*

## Beginnels van geloof

Jare gelede in die vroeë 1980's het ek die Here ernstig aangeroep en Hom gevra,

*"Here, leer my asseblief van geloof, leer my, ek wil dit verstaan."*

Die Here het my gebede verhoor en het hierdie lewensveranderende Skrifgedeelte vir my gegee:

*Heb 10:35 "Werp dan julle groot **vrymoedigheid** wat 'n groot beloning het nie weg nie."* (Engels: "Do not cast away therefore your confidence which has great reward.")

*Confidence* - vrymoedigheid, sekerheid ... Sekerheid oor wat? Sekerheid oor die Woord wat ek gehoor en my eie gemaak het. *Dit is hoop*. Die *sekerheid* van die *hoop* van die *Woord van God*. Moet dit nie weggooi nie. As jy deur moeilike tye gaan, moet dit nie weggooi nie. Jy het daardie hoop nodig om jou geloof te kan anker.

*Heb 10:36 "Want julle het lydsaamheid nodig om nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry."*

Toe die Here hierdie aan my openbaar, het Hy dit soos 'n eenvoudige som in wiskunde gedoen – soos  $1 + 1 = 2$ . Ek is maar 'n eenvoudige persoon, en die Here het vir my 'n praktiese, ingenieursbrein gegee. Die vergelyking wat Hy hier aan my openbaar het was,

*Sekerheid*

*+ Volharding*

*= Geloof*

*Geloof werk altyd*, want God het dit ontwerp en Hy het gesê:

*Heb 11:6 "en sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag ..."*

Laat my toe om dan te verduidelik hoe geloof werk – volgens hierdie vergelyking soos die Heilige Gees dit aan my openbaar het.

## **Sekerheid**

In die verte lê die belofte wat verkry kan en moet word. Dit is daar in die toekoms, in die Woord van God neergeskryf. Hierdie is ons *versekerde hoop*. Dit kom voor in die vorm van 'n belofte. Hy *SAL* sy belofte nakom.

## **Volharding**

Ek is egter *nou hier* en daardie belofte is daar in die *verre, onsigbare toekoms*. Die toekoms beteken nie noodwendig net wanneer Jesus na die aarde terugkeer om sy koninkryk te vestig nie. Hierdie *toekoms* is enige iets waarvoor ek volgens die Woord glo, selfs in hierdie teenwoordige tyd. Maar dit is *nóg steeds in die toekoms* en dit is *vir my onsigbaar* vanuit die plek waar ek my *hier en nou* bevind.

Tussen *hier waar ek my nou bevind* en *daar in my hoopvolle toekoms*, is daar 'n pad wat gestap moet word. Daardie pad, vriende, hoe lank of kort dit ookal mag wees, is altyd tot een of ander mate 'n *pad van volharding*. Dit is soms 'n baie moeilike pad. Maar die pad van volharding is die *pad van geloof*.



## Geloof

Die geloofspad strek van waar ek *nou in die teenwoordige is* en dit *strek tot waar die hoop is* – dit wat in die toekoms is en wat ek *nie nou kan sien nie*. Ek neem daardie hoop, en ek plant die heerlike belofte van hoop met blye verwagting stewig in my hart en *maak dit my eie! En dan stap ek in die rigting van daardie hoop* totdat dit uiteindelik vir my realiseer. Of daardie hoop nou vir gesondheid is, en of dit vir verlossing van my sondes is, of waarvoor ek ookal volgens die beloftes van die Skrif glo, daardie hoop *wag daar in die toekoms vir my*. Dit is iets wat God gesê het en ek neem dit en ek glo dit; ek vestig my hoop daarop. Nou moet ek op daardie pad van geloof na my hoop toe wandel.

## Petrus loop op die water

In Matthéüs 14 is daar 'n verhaal wat vir ons vertel hoe Jesus op die onstuimige see aangestap kom na die bootjie waarin die dissipels is. Hulle is vol vrees want die see is baie onstuimige. Skielik sien hulle hierdie Man op die see loop. Hulle dink dat dit 'n spook is. Petrus besef, maar hierdie is mos Jesus. Hy sê vir Jesus,

*"Here, as dit U is, sê vir my om te kom."*

Jesus antwoord hom met net een woord:

*"Kom."*

Vriende, daardie woord, *"kom,"* is 'n kragtige woord waarop Petrus *sy hoop kan anker*. Jesus het gesê, *"Kom."* Hy bedoel nie, *"Kom en jy sal sink nie."* Hy

bedoel, "*Kom en jy sal ook op die water loop.*" Sy Woord is betroubaar.

Miskien praat Hy nou met jou op watter onstuimige see jy jouself ookal mag vind. Hy sê, "*KOM.*" Staan op uit jou boot van selfvertroue of ongeloof. Staan op uit jou sonde. Staan op uit jou bitterheid. Staan op uit jou pynlike verlede. Klim uit die bootjie van jou godsdienstige gemak en sondige leefstyl.

*Mat 11:28,29* "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, sê Hy, en julle sal rus vind vir julle siele."

Petrus is in die boot en Jesus is op die see en daar is 'n *afstand tussen hulle*, en dit op 'n onstuimige see. Nou is die tyd vir geloof. Petrus moet *uit die boot klim* en hy moet *begin stap*. Daardie hele afstand wat hy in hierdie onmoontlike situasie in geloof moet stap, is in die rigting van die hoop wat daar voor by Jesus is, wat op Jesus se enkele woord gevestig is, "*Kom.*" Hy anker sy hoop aan Jesus se woorde van belofte, want Jesus het mos gesê, "*Kom.*"

Vriende, as Petrus by Jesus, sy Hoop, wil uitkom, moet hy op hierdie onstuimige see *aanhou stap* (volharding). Halfpad deur misluk sy geloof. Hy kyk hy om hom, en wat sien hy? Hy sien die *hoë golwe* en die *wind wat so sterk waai*. Net daar verlei die duiwel ons op die onstuimige see. Hy wil ons geloof teenstaan en ongeloof meebring.

Die duiwel versoek hom met '*n leuen*. Die duiwel kom altyd na ons met leuens! Wat is die leuen? Petrus sien die *golwe* en die *wind* wat erg waai, en hy *begin twyfel*.

Sê my, as die see kalm was en die golwe stil, sou Petrus van nature op die water kon loop? Die antwoord is *NEE!* Die onstuimige see het dus *absoluut niks te doen met die wonderwerk wat hy beleef*, om op die water te loop nie. Petrus laat toe dat die duiwel hom van stryk bring deur sy *fokus van sy Hoop af te haal* en om as gevolg van die onstuimige see te twyfel.

Die oomblik dat hy sy *oë van sy hoop in Jesus se betroubare Woord afhaal*, en na die *see van onmoontlikhede* en die onstuimige elemente om hom kyk, begin sy geloof hom in die steek laat en hy sink.

Is dit die einde van die storie? Nee. Jesus kom vinnig en gryp hom aan die hand en lig hom weer op. Vriende, as jy een of ander tyd in jou geloof misluk het, is Jesus daar om jou weer op te tel - om jou op te lig sodat jy *weer in jou wonderwerk kan stap*.

En Petrus stap saam met Jesus in geloof terug bootjie toe.

## **Die pad van geloof**

Vriende, daar is soms 'n moeilike pad wat gestap moet word, en dit is die pad van geloof. En dit is waar ons is. Waar jy ookal op daardie lewenspad is, dit is 'n pad van geloof, maar jy kan daardie *pad van geloof* nie met *vrymoedigheid* stap as jy nie *hoop* het nie. En daardie *hoop kan jy nie sonder die Woord van God hê nie*.

Daarom is dit uiters belangrik om 'n *goeie kennis van die beloftes van die Skrif te hê*. Dit is waarom ek al hierdie boeke geskryf het, sodat ons 'n stewige begrip van die waarheid van die Skrif kan hê, en daarmee saam hoop.

## Boeke

In die verskeie reekse boeke, beide myne sowel as ander outeurs s'n wat ek sterk kan aanbeveel, haal ons meer as 5000 Skrifgedeeltes aan. Hierdie boeke is geskryf om mense te bemoedig en hulle te leer wat die Skrif oor die Heilige Gees te sê het, asook oor die eindtye, oor 'n diepe, persoonlike verhouding met Jesus en hoe om die stem van die Heilige Gees te hoor. Dit leer ook wat die Skrif oor die huwelik en besigheid sê, asook baie ander praktiese kwessies wat mense daagliks ervaar.

Ons deel baie getuienisse van wonderbaarlike ingrype deur die Heilige Gees in die lewens van gewone mense. Dit is sulke getuienisse wat altyd tot bemoediging en versterking van ons geloof werk sodat ons ons hoop aan die Woord van God kan anker. En as ons hoop eers geanker is, dan het ons iets waarna ons met vrymoedigheid in geloof kan stap, sonder om die storms van die lewe te vrees. Ons stap in die rigting van ons hoop.

Mag die Here jou help om 'n insig te kry van sy Woord, en dat daardie insig nie net as interessante, intellektuele inligting in jou lewe sal dien nie, maar dat dit eerder iets sal wees waaraan jy *ferm kan vashou*. Mag jou hart gevul word met die uitbundige vreugde en verwagting wat die vervulling van die waarhede van God se beloftes meebring; dat dit vir jou 'n *anker vir jou hoop en geloof sal wees*. Mag jy met *volharding* tot by die uiteinde van jou geloof stap waar jy met groot vreugde veel vrugte sal dra.

*Henry Jackson*